# DIE SKIETLOOD

196e Uitgawe 19 November 2021
saam met Koersvas 196


**Die Dordtse Leerreëls**

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur Sy dood.**

**Teks 4.** Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: God die Vader het 'n nuwe genadeverbond met die mense deur die tussenkoms van die dood van Christus gesluit. Hierdie verbond bestaan nie daarin dat ons deur ons geloof, vir sover dit die verdienste van Christus aanneem, voor God regverdig en salig gemaak word nie. Dit bestaan daarin dat God, nadat Hy die eis van die volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet afgeskaf het, nou die geloof self en die onvolmaakte geloofsgehoorsaamheid as volmaakte gehoorsaamheid aan die Wet beskou en dit dan uit genade waardig ag om dit met die ewige lewe te beloon.

Die Sinode leer: Hierdie mense weerspreek die Skrif: Hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is. Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof (Romeine 3:24,25). Met die goddelose Socinus voer hulle 'n nuwe en vreemde leer oor regverdiging van die mens voor God in. Dit is in stryd met die eenstemmige belydenis van die hele kerk. *Qui docent, ' Fœdus illud novum gratiæ, quod Deus Pater, per mortis Christi interventum cum hominibus pepigit, non in eo consistere, quod per fidem, quatenus meritum Christi apprehendit, coram Deo justificemur et salvemur; sed in hoc, quod Deus, abrogata perfectæ obedientiæ legalis* exactione, fidem ipsam et fidei obedientiam imperfectam pro perfecta legis obedientia reputet, et vitæ æternæ præmio gratiose dignam censeat.' Hi enim contradicunt Scripturæ, Justificantur gratis, ejus gratia, per redemptionem factam in Jesu Christo, quem proposuit Deus placamentum per fidem in sanguine ejus. Rom. iii. 24, 25. Et cum impio Socino, novam et peregrinam hominis coram Deo justificationem, contra totius Ecclesiæ consensum, inducunt.

**Verklarende kommentaar**

In hierdie artikel word 'n belangrike aspek van die Remonstrante dwaling aangespreek. Eers net die leer wat verwerp word: Die Remonstrante het die nuwe verbond anders verstaan as wat die ortodokse tradisie en die Skrif voorhou. Die ortodokse leer verstaan die nuwe Testament (verbond) as die vervulling van die beloftes opgesluit in die ou Testament (verbond). Dit word met ander woorde verstaan as 'n kontinue lyn. Die Remonstrante sien die eerste verbond as gebrekkig en daarom word dit met Christus se koms as afgehandel beskou.

Die eerste verbond was die een van volledige wetsgehoorsaamheid. Die mens kan onmoontlik ten volle voldoen aan die volle wet. Die mens kan nie die Wet ten volle gehoorsaam nie. Hierdie bedeling moes vervang word met 'n nuwe bedeling. Jesus het dan volgens hulle mens geword om aan die eise van die Wet te voldoen. Hy kon - en het - aan al die eise van die Wet voldoen deur in alle opsigte gehoorsaam te wees. Met Sy dood aan die kruis is daardie bedeling afgesluit. Die bedeling van volkome gehoorsaamheid aan die wet is deur Jesus se dood afgehandel en 'n nuwe bedeling het tot stand gekom.

In die nuwe bedeling is dit die kombinasie van geloof en onvolmaakte gehoorsaamheid aan die Wet wat die

mens se regverdigheid en saligheid in die aangesig van die Here (coram Deo) verseker. Hierdie menslike prestasies van geloof (veral geloof) en onvolkome gehoorsaamheid aan die Wet, is deur die Remonstrante gesien as iets wat waardig is om met die ewige lewe beloon te word. God se genade is met ander woorde meer te vinde in die beoordeling van geloof en dade -albei menslike prestasies - as in die absolute geskenk van redding los van enige dade. Tot sover die denke van die Remonstrante.
Die dwaling daarin opgesluit, is duidelik. Dit loop telkens uit op werk-geregtigheid. Jesus se dood word gekoppel aan die verlede in terme van een verbond afhandel. Hy maak met Sy opstanding wel 'n nuwe bedeling moontlik. Dit is vir die mens om hierdie nuwe aanbod op te neem. Daarteenoor moet ons genade as geskenk ontvang, leeg gemaak van enige verdienste. Ons het die hoop op die ewige lewe op grond van die soen-verdienste van Christus.
Jesus se dood aan die kruis was met ander woorde meer as net op die verlede gerig. Dit was veral op die toekoms gerig. Jesus het nie die werklikheid van redding moontlik gemaak nie. Met Sy opstanding is die nuwe toekoms ontsluit waar daar in genade die werklikheid van die ewige lewe gewaarborg word.
Dit is duidelik waarom die Remonstrante met die Socianisme verbind word. Fausto- en Lelio Socinus ((Sozzinis) was Italiaanse teoloë in Pole wat in die sestiende eeu afwykende teologiese denke gehad het aangaande ons kennis van God, die leer oor die Triniteit (hulle was veral bekend as anti-Trinitaries), die Godheid van Jesus en die Soteriologie (leer aangaande die redding van die mens).

**Teks 5**. Die Sinode verwerp die dwaling van hulle wat leer: Alle mense is in die staat van die versoening en in die genade van die verbond opgeneem, sodat niemand vanweë die erfsonde aan die verdoemenis skuldig is of verdoem moet word nie, maar dat alle mense van hierdie sondeskuld vry is.
Die Sinode leer: Hierdie mening is in stryd met die Skrif wat verklaar dat ons van nature kinders van die toorn is (Efesiërs 2:3). *Qui docent, 'Omnes homines in statum reconciliationis et gratiam fœderis esse assumptos, ita ut nemo propter peccatum originate sit damnationi obnoxius, aut damnandus, sed omnes ab istius peccati reatu sint immunes.' Hæc enim sententia repugnat Scriptura, affirmanti nos natura esse filios iræ. [Ephes. ii. 3.]*

**Verklarende kommentaar**
Hierdie dwaling van die Remonstrante lyk met eerste oogopslag nie te skadelik te wees nie. Die erfsonde is vir baie mense 'n steen des aanstoots. Daarmee saam lyk die verstaan van die mens as totaal in die sonde verlore so negatief. Die Remonstrante het geleer dat die mensdom in die nuwe verbond opgeneem is. Hulle verstaan van Jesus se soen-verdienste (soos in 4 hierbo verduidelik) het ingesluit dat volkome gehoorsaamheid aan die volle Wet onlosmaaklik verbind was aan die erfsonde. Jesus se kruisdood het volgens hulle die hele ou bedeling opgehef. Dit sou insluit die erfsonde. Volgens hulle word alle mense nou in die nuwe bedeling gebore, onaangeraak deur die erfsonde (oersonde). Hierdie

dwaling is die draaikolk waarin baie Christene vasval.
Jesus is meer as die skakel wat ou en nuwe verbond in Sy persoon aan mekaar verbind. Jesus is die een wat die beloftes van die verbond met Abraham tot vervulling gebring het. Hy het die Wet sy volle betekenis laat kry (Matteus 5:17-18: "Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie."

Die leer aangaande die erfsonde kan nie direk aan die Wet gekoppel word nie. Die Wet is eers eeue later aan Moses gegee. Die erfsonde vertel iets oor die aard van die mens. Jesus het nie aan daardie aard iets kom doen nie. Hy het gekom en die mens **ten spyte van sy aard gered**. Ons is almal in sonde ontvang en gebore Efesiërs 2:3 "onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander. "